# SALVADOR WALLIESE PONIE STOET

*Synopsis: Piet Walters became enamoured by Welsh ponies when he visited his brother-in-law FC Bester of the Destiny Stud (J2012 p101). He bought two ponies in Natal which formed the basis of his Stud but as he was not yet a registered breeder, FC registered Fighter and Gunner under the Destiny prefix. He was more interested in breeding than showing and many breeders that had a significant influence on him were FC Bester, Myburgh Streicher, Piet Blom, Hans Jurie Uys and Paul Carstens. The most used outside stallions were Hinton Heather Bee, Lottesmore Superstar, Bukkenburg Bari, Bukkenburg Stardust, Uyzel Bambi and Uyzel Blazing Spirit. Pleasingly, his Salvador stallions have been used by many studs to breed quality Welsh Mountain ponies. He is now retired and is a passive Welsh pony owner but has retained three mares to continue the pleasure he has had from his ponies.*

Hoe het dit gebeur dat ek in die Walliese ponies belang gestel het. F C Bester van die Destiny Stoet *(J2012 b101)* van Riebeek-Wes het vir my gebel en gesê ek moet die naweek kom kuier. Hy het ‘n verrassing vir my. Ek het die naweek gaan kuier en die ponies gesien wat hy gekoop het. Ek het dadelik verlief geraak op die ras.

My eerste ponies het ek gekoop van Jan te Riele van Mid-Illovo buite Durban. Spasido Gay Ballerina (Torbry Twilight x Revel Siesta) en Spasido Velita (Revel Society x Badgemore Jolly Honey Bee) het dadelik my oog gevang. Die twee ponies is per trein na Riebeek-Wes vervoer. Op daardie stadium het Gay Ballerina ‘n hingsvul gehad en was weer dragtig met hul aankoms. Omdat ek nog nie ‘n lid van die Walliese Ponie en Cob Genootskap van Suid-Afrika geregistreer was nie, het ek die twee hingvullens vir F C Bester gegee. Hulle is geregistreer as Destiny Fighter en Destiny Gunner, albei deur Torbry Andre.

Ek het aansoek gedoen vir lidmaatskap. Ek het besluit om **SALVADOR** as voorvoegsel te gebruik. In 1987 is dit goedgekeur. Ek het van die begin af nie so seer in skou belang gestel nie, maar in teel was ek baie geïnteresseerd. Telers wat deur die jare ‘n groot rol in my lewe en teling gespeel het, was: F C Bester van Destiny Stoet; Oom Myburgh Streicher van Bukkenburg Stoet; Piet Blom van Blom Stoet; Hans Jurie Uys van Hansu Stoet en Paul Carstens van Pajayhu Stoet. Van die Hingste wat ek deur die jare gebruik het was: Hinton Heather Bee (Hinton Pepe x Criban Wee Bee); Lottesmore Superstar (Twyford Buckle x Twyford Peach); Bukkenburg Bari (Coed Coch Nerog x Bukkenburg Helen); Bukkenburg Stardust (Lottesmore Superstar x Springbourne Haley); Uyzel Bambi (Hinton Heather Bee x Torbry Sirocco);

Uyzel Blazing Spirit (Bella Top-Spot x Llanelli Emlyn) en Salvador Vogue (Lottesmore Superstar x Spasido Velita). Ek het 12 hingsvullens and 8 merrievullens geteel. Ponies wat hul merk gemaak het was Salvador Vogue wat deur verskeie telers gebruik is, asook Salvador Bambi (Uyzel Bambi x Salvador Velene) wat deur Hans Jurie Uys gebruik is, Salvador Try Me (Bukkenburg Bari x Salvador Vindette) deur Gesant Abdullah en Salvador Valiant (Bukkenburg Stardust x Salvador Tessa) deur Piet Blom. Salvador Bambi (Uyzel Bambi x Salvador Velene) het 'n groot rol by Hans Jurie gespeel, omdat dit 'n besonderse trekperd was.

Ek het tans drie merries nl. Salvador Valencia en Salvador Veronica beide deur Uyzel Blazing Spirit uit Salvador Tessa, en Salvador Vicky deur Salvador Vogue uit Hansu Babera.

Deur die jare het ek baie plesier uit my ponies gehad, en steeds geniet ek die drie in my besit. My vrou het al vir my gevra, nadat 'n ponie drie van my ribbes afgeskop het, of dit nie nou tyd is om ontslae te raak van die ponies nie. Hoe kan ek nou 'n deel van my lewe prys gee. Ek is terdeë bewus dat ek nie meer 'n kind is nie, tog bly die ponies my hart se punt.

Ten slotte, ek is eintlik 'n passiewe Walliese ponie eienaar, maar dit hou my besig, d.w.s. solank ek nog goeie gesondheid geniet.

**PIET WALTERS 2021**
**SALVADOR WALLIESE PONIE STOET**



*Salvador Vogue (Lottesmore Superstar x Spasido Velita)*



*Salvador Valiant (Bukkenburg Stardust x Salvador Tessa)*



*Salvador Try-Me (Bukkenburg Bari x Salvador Vindette)*



*Salvador Vincent (Uyzel Blazing Spirit x Salvador Vindette)*



*Salvador Bambi (Uyzel Bambi x Salvador Velene)*



*Salvador Vogue (Lottesmore Superstar x Spasido Velita) as a youngster*



*Salvador Vincent (Uyzel Blazing Spirit x Salvador Vindette)*